



# KAMMANUUS

Nommer 300

14 Maart 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com



TOULEIER

## Terugblik by ons 300ste uitgawe

Hierdie is ons 300ste uitgawe. So wat nou? Tyd vir bietjie terugblaaï? Tyd vir 'n bietjie quo vadis?

Kom ons kyk. Omtrent so tien jaar gelede sit en verlang hierdie duusman so erg na sy taal en kultuur daar in Taiwan dat hy begin rondsnuffel vir Afrikaanse maatjies op die internet in kletskamers wat daardie tyd die voorlopers was van vandag se Twitter, Vuisboek en ander kitskletsbedrywe.

Daai tyd was verlang nog eg en erg, want ons was nog min en yl gesaai. Die Afrikaanse produkte soos Aromat en Miesies Balls wat jy gehad het, was dit wat jy saambring het.

Waar was ek en Kamermaatjie gedurende die uitgawes 100 tot 200? My eerste honderdtal het ons geslaan op die Indonesiese eiland van Suid-Soelawesi. Ons splinternuwe houthuis op pale – tipies Indonesies – was langs 'n 30 km lange helder water meer van meer as 500m diep.

Onthou julle nog hoe ek vertel het van 'n dooie riet wat ek gebruik het om tamaties te laat oprank? Hoe die somer self begin groei het? Slawe gehad wat tuinmaak en koskook, selfs een wat weeliks tuis massering kom doen het vir R20. Elke dag gereën, nooit winter gehad nie. Die paradys self as jy my sou vra.

### **KOMPETISIE – Wen 'n reisverhale boek – pas uitgereik**

En uitgawe 200? Kom ons maak hom die kompetisievrage vir uitgawe 300. Waar was ek en Annabelle dink julle? Hier is 'n wenk. By baie van my kontrakte was ek betrokke by hoëspoed-treinprojekte. Ek was 'tonnelkondukteur' by of Taiwan, of Suid-Korea, of op Gautrein-tydens uitgawe 200.

Skryf net een van die drie woorde: Taiwan, Korea of Gautrein vir my in die onderwerplyn van jou e-pos na: [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

Ek gooi al die regte antwoorde in 'n elektroniese hoed en die wenner kry die nuwe boek van Ilse Salzwedel genaamd *Seerowers, Kameelkoppe en Rissies vir Tee* as prys. Hoekom dié boek? Ilse is een van ons lesers en die boek gaan juis oor die wel en wee van Suid-Afrikaners oorsee.

Uitborsie moet ek spog dat daar ook 'n stukkie in is oor ek en Kamermaatjie. Ons rondreise en ondervindings. Dié van julle wat nie die prys wen nie: Koop in elk geval die bleddie boek!

Nou vra mens jouself af hoe het dinge verander of dieselfde gebly tussen uitgawes een en driehonderd?

Van waar ek staan en kyk op 'n hoë duin in Doha, het ons ou diasporiese Afrikaner-volkie soos 'n inkkol op kladpapier versprei en moet mens mooi rondkyk as jy 'n warmwoordjie in die openbaar wil gebruik. Die kans is goed dat iemand met 'n glimlag sal omdraai en saamstem in Afrikaans. Oral sien jy die gekleurde deurtrekker SA vlaggie agter op karre in die verkeer. En veral by die drankwinkel.

Vandag stap jy hier in Doha by Spinneys of Megamart in (Duskantland se Spar en Pick'n Pay) en jy kry van Robertson se hoenderspesery tot Ouma se karringmelk-beskuit op die rak. Daar is selfs Amarula beskikbaar in die enigste drankwinkel in Doha. Hy kos nou wel twee of drie keer wat jy gaan betaal in Suid Afrika.

En altyd vlytig, is daar nou selfs onder ons 'ekspats' hier wat van boerewors tot beskuit maak. Dankie aan Leon Rust, die enkelloper en baaskok wat somer 'n knypie anys bygesit het vir ekstra lekker Afikanersmaak.

Vanmiddag bestel ek boerewors, biltong en Russians by Eugene Oberholzer. Die goed het nou wel nie spek in nie maar smaak darem baie soos die wors wat ek altyd in Potch gekoop het. Ons klomp kom steeds gereeld in groot en klein groepe bymekaar. Die 14de is daar reeds weer 'n potjiekompesie by die Welgemoede.

So, wat is nou eintlik die kap van my byl? Net dit: Ons is oral en ons is hier, in ons menigtes, met ons kinders en goed, en ons verlang al hoe minder . . . maar ek lieg!

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



# Kampvuurstories

## VREEMDE WETTE

**Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.**

In FLORIDA kan ongetroude vroue tronk toe gaan as hulle op 'n Sondag valskermspring.

In MIAMI is dit onwettig om 'n dier na te maak.

In HONGKONG mag 'n vrou haar man vermoor as hy op haar kul. Sy mag egter net haar kaal hande gebruik.



## Die raaisel van die foonrekening

Die telefoonrekening was besonder hoog, en die vaders des huises het die gesin byeengeroep.

**Pa:** "Mense, dis onaanvaarbaar. Julle moet die huisfoon minder gebruik, ek gebruik die een by die werk."

**Ma:** "Dieselfde met my. Ek gebruik die werk s'n, ek bel amper nooit van die huis af nie."

**Seun:** "Ek gebruik hom ook nooit. Ek gebruik altyd my werk se selfoon."

Nou het almal hul oë na die huishulp gedraai vir haar reaksie.

**Huishulp:** "So manje yintoni ingxaki apha?" (Wat is die probleem? Ons gebruik dan almal ons werk se telefone.)

## Kinders oor liefde

"Liefde is wanneer Mamma vir Pappa op die toilet sien en nie gril nie!"

Mark - 6jaar

"Liefde is wanneer Mamma vir Pappa die lekkerste stuk hoender gee."

Elaine - 5 jaar

## NUWE AFRIKAANS

### Slaaisystapper

Beskrywende woord vir 'n persoon wat erg oorgewig is.

## Wat het ons in 2066 jaar geleer?

"Die begroting moet klop, die skatkis moet hervul word, openbare skuld moet verminder, die arrogansie van die heersers moet beheer word. Die hulp aan vreemde lande moet verminder, anders gaan Rome bankrot word. Mense moet weer leer werk, pleks van op welsyn te teer."  
-- Cicero, 55 vC.

**Skygbaar niks . . .**

## Breinboelie

Daar is baie van my soort. My twaalf kinders wissel tussen 28 en 31.

Deur al die jare bly hulle by my.

Ons is almal bymekaar maar tog is elkeen heel eie.

Ons staan bymekaar deur goeie en slegte tye.

Hoewel ek alleen is, vat ek elke dag op 'n slag soos hy kom.

Volgende jaar begin ek maar weer.

**Wie is ek?**

**ANTWOORD AGTERAAN AGTEROS.**

## HUISDIERE

As 'n hond op jou skoot spring, is dit omdat hy van jou hou. As 'n kat dieselfde ding doen, is dit omdat jou skoot sagter en warmer is.

- *Alfred North Whitehead (1861 - 1947)*

Katte beskou mense as

wambloedige meubels.

- *Jacquelyn Mitchard, The Deep End of the Ocean*

Katte is slimmer as honde. Jy sal agt katte nooit so ver kry om 'n slee in die sneeu te trek nie.

- *Jeff Valdez*

## Brief aan Antie Mona

(*Antie Mona is die bruin poniekoerant Son in die Kaap se raadgewer.*)

### Hellou Antie Mona

Ek is 'n aangename man in my laat sestigs. Ek het vyf vroue en 23 kinders. Die jongste een is uit 'n verhouding met 'n pragtige 39-jarige vrou.

Ons kom goed oor die weg en ek dink sy is die regte een om my volgende vrou te word.

Daar is net een probleem: Sy is die dogter van 'n goeie vriend van my, en ek wil nie hê dit moet ons vriendskap bederf nie.

Help asseblief!

Onbekend in Nkandla.

### Antie Mona antwoord:

Hei, voertsek Zuma. Ek wiet dis djy!

► **Dis moeilik om 'n hardgekookte eier te klop.**

► **Die wetenskaplike het ontdek dat sy teorie oor aardbewings nie op vaste gronde berus nie.**

► **'n Tandarts en 'n manikuris het besluit om te trou. Dit was nie 'n groot sukses nie, want hulle het hand en tand baklei.**



# Duskantlander in Anderkantland

## "Oral staan vier padwerkers rond en kyk hoe die vyfde een sy pik swaai."

ALVIDA is 'n Kammalander in Kanada, en vertel van haar jongste besoek aan Duskantland.

Nadat ons weer 'n slag in Suid-Afrika 'n draai gaan maak het, het 'n paar dinge my met die intrapslag opgeval.

Op Kaapstad se lughawe was daar 13 polisiemanne/sekuriteitspersone, wat gestaan en ginnegaap het. Ek was nie seker of ek nou baie veilig moes voel, of die hoenders in moet nie word omdat my kinders en ander belastingbetalers aan hul salarisse moet betaal vir niks doen.

Oral word daar aan die paaië gewerk (baie goeie ding), maar dan staan vier padwerkers rond en kyk hoe die vyfde een sy pik swaai!!!

Die derde ding wat ek opgelet het is dat die heinings hoër geword het en dan ook die veiligheidshekke wat oral is. Ons moes bel om te laat weet ons is voor die deur sodat die hekke oopgesluit kon word. Ek kan my nie meer voorstel om so te lewe nie.

Die vierde ding wat ek opgelet het is dat sommige dorpe werklik pragtig lyk en uitgebrei het. Baie meer besighede het ooggemaak en dit lyk of dit goed gaan met die mense waar ons oral besoek afgelê het. Maar daar is geen blankes agter 'n toonbank nie. Waar werk al die blankes dan?? As ek die vraag daar vra dan lag die mense maar net en sê dis nie meer ons probleem nie. Lyk my dat baie daar "gebrain-wash" is of net nie meer omgee nie.

Die lang rye mense by die poskantoor en by die winkels se kassieres was blykbaar normaal. As daar in Kanada meer as drie persone in 'n ry staan, word die volgende betaalpunt ooggemaak. Niemand wag hier in Kanada nie, vir niks nie.

Die groot lekkerte was om weer ons kinders en kleinkinders te sien, en om by ons families en vriende te gaan inloer. Die tyd vang mens gou, en voor jy jou oë uitvee moet jy alweer terugvlieg huis toe.

Ons bly in Kanada op 'n plaas waar ek meestal alleen is. Die enigste wat my hier kom pla, is die bere wat die appelbome en bessies kom verniel, en soms is hier 'n prêriewolf (coyote) wat ek moet verwilder as hy my kat kom soek.

Tafelberg is nog die mooiste berg en Afrikaans is my taal. Ek probeer dit soveel moontlik praat en skryf. Ons vriende is meestal ook Afrikaners en ons braai en kuier hier in Kanada baie lekker saam. Ons het baie min sneeu in ons streek gehad en ek dink dat dit 'n baie droë somer vir ons gaan wees. Gelukkig het ons 'n riviertjie wat deur ons plasie loop. Ons noem ons stokperdjieplaas KLEINPLASIE en die SA vlag waai saam met ons Kanadese vlag.

Ons is nog in die + grade op die oomblik, alhoewel dit koud is met die wind wat waai. Ons somers word tot 40 grade en winters was al baie koud soos -20 grade. Ons huise is lekker warm en as ons uitgaan, trek ons die regte klere aan vir die winter, dan pla die koue nie te erg nie.

Vriende van ons het vertel dat hier 'n myn ooggemaak het en daar het nou 25 Suid-Afrikaanse gesinne begin werk. Ons gemeenskap het begin huishoudelike goed en klere bymekaar maak om dit vir hulle makliker te maak tot hulle op hulle voete is. Daarvoor was hulle baie dankbaar.

Ek vind toe uit dat daar 'n gesin is wat al geruime tyd daar werk en hulle betaal nie hulle huurgeld vir hul blyplek nie. Hulle weet dat hulle nie op straat gesit kan word nie en hulle het ook kinders waaragter hulle kan skuil.

Dit krap behoorlik aan my. Ek voel hulle maak dit nou moeilik vir die nuwe mense om blyplekke te kry, want die verhuurders vertrou nou nie die klomp Suid-Afrikaners nie. In Suid-Afrika het hulle seker in 'n plakkerskamp gebly en gewoon daaraan om niks te betaal nie. So is daar altyd 'n vlieg in die salf. Hulle kan maar dankbaar wees dat hulle nie op dieselfde dorp of omgewing as ek woon nie.

Ek is baie gelukkig hier, en was dankbaar om weer terug te wees. Die 23 ure vlieg was uitputtend, en hoe ouer mens word hoe erger word dit.

Gister was Valentynsdag en ons ou dames het gaan uiteet. Ons het rooi klere gedra - hoede met vere en kaartjies en natuurlik hartjiesjokolades - en lekker gekuier. Die een tannie en haar man het 80 geword en verlede somer 'n Cross Canada'-toer met hulle 'motorhome' gedoen. Dit moes 'n fees gewees het. Daar is soveel plekke wat ek ook nog wil sien.



## Uit die wakis



### VRYSTAATSE FAKTUUR

'n Vrystaatse boer koop 'n Mercedes E-klas van Three Point Motors en is baie omgekrap oor al die ekstras wat nie standaard toerusting is nie wat nou by die prys ingesluit is.



'n Paar weke later koop die direkteur van Three Point Motors 'n koei vir sy naweekplasia by dieselfde boer. Hy kry toe hierdie faktuur:

Basisprys	2400.00
Twee kleure (swart en wit) ekstra	150.00
Leerbekleedsel	100.00
Melkreservoir vir winter- en somergebruik	50.00
Melkkrane: 4 @ R12.50 elk	50.00
Twee stampers in horingafwerking	30.00
Vlieëplak, semi-outomaties	30.00
Omgewingsvriendelike uitlaatstelsel	60.00
Veelterrein weerskoene	100.00
Remstelsels: Voor en agter	400.00
Veelkleurige horing	140.00
Oë – halogeen	150.00
Veeldoelige gebruike vir koeimis	1250.00
<b>TOTAAL</b>	<b>4910.00</b>



### Die Mafiabaas, die dowe boekhouer en die prokureur

Die Mafiabaas ontdek dat sy boekhouer, Enzo, \$10 miljoen van sy geld gesteel het. Enzo was dood, die rede waarom hy in die eerste plek die werk gekry het.

Die Mafiabaas besluit om Enzo oor die geld te konfronteer, en vat 'n prokureur saam wat vingertaal ken.

"Vra hom waar die \$10 miljoen is wat hy gesteel het," sê die Mafiabaas. Die prokureur maak die nodige vingertekens, en Enzo sein terug: "Ek weet nie waarvan jy praat nie." Die prokureur dra die antwoord oor, waarop die Mafiabaas sy pistool uithaal en dit teen Enzo se kop druk.

"Vra hom weer. Sê ek gaan hom doodskiet as hy nie antwoord nie!"

Die prokureur sein vir Enzo: "Hy gaan jou skiet as jy nie sê nie."

Enzo sein terug: "Oukei, hy wen. Die geld is in 'n bruin tas wat agter my neef Bruno se skuur begrawe is."

Mafiabaas: "Wat sê hy?"

Prokureur: "Hy sê jy het nie die moed om hom te skiet nie."

**IS JY NIE LIEF VIR PROKUREURS NIE? Dié storie sal jou oë vol tranes laat skiet!**



# Giggels

Stuur gerus jou giggels aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## EMIGRASIE

"En hoekom wil jy emigreer?"

"Wel 20 jaar gelede was gemengde huwelike onwettig, nou is dit wettig.

Ek waai liever voordat dit verpligtend word."

## PLAYBOY

Die tannie vang die oom met 'n Playboy:

"En wat is dit dié?"

"Ag, ou vrou, dis soos 'n Getaway-tydskrif, 'n mens sien die mooiste plekke waar jy nooit sal kom nie!"



**En as jy klaar daar gestof het, moet jy vir Oumies die plante natgooi en die corgi's se bolle optel. Oukei?**

## SILIKOON

Juffrou leer kinders oor grondstowwe. Pietie sê hy kies goud, want hy kan dit verkoop en dan kan hy 'n Porche koop.

Sannie sê sy kies platinum, want dis meer werd as goud, en as sy dit verkoop, kan sy 'n Ferrari koop.

Jannie sê hy kies silikoon, want sy ma het dit in haar borste, en daar staan altyd vreeslike duur karre voor hul huis.

## VINKPLAAG

Die boere het vreeslik gesukkel met die vinke wat die koring op die lande opvreet.

Op 'n dag het 'n reisiger daar aangekom, en toevallig het die boere in die kroeg die vinkplaag bespreek.

Die reisiger vertel toe waar hy vandaan kom, het die ouens sommer hul skoonma's vir voëlverskrikkers in die lande gebruik.

Die vinke het die eerste jaar so groot geskrik dat hulle sommer die vorige jaar se koring ook teruggebring het.

## DIE KINDERS VAN ISRAEL

"Meneer," sê klein Jannie in die Sondagskoolklas, "daar is iets wat ek nie verstaan nie."

"En wat is dit, Jannie?"

"Volgens die Bybel het die Kinders van Israel die Rooi See oorgesteek."

"Ja, dit is so."

"En die Kinders van Israel het teen die Filistyne oorlog gemaak."

"Eee . . . reg."

"En die Kinders van Israel het die tempel gebou. En die Kinders van Israel het teen die Egiptenare geveg, die Kinders van Israel het teen die Romeine geveg, en die Kinders van Israel het altyd iets belangriks gedoen, reg?"

"Ja dit is so," stem meneer saam. "Wat is jou vraag?"

"Wat het die grootmense dan gedoen?"

## BC deur Johnny Hart



## KAMMANUUS vier sy 300ste uitgawe!

Ons het in die argiewe gekrap en sommer 'n stukkie uit elke jaar gegaps. En só het ons gesiggie oor die jare verander:

2005



2006



2008



2007

### GESPREK TER SEE

GLO dit as jy wil, maar die onderstaande is 'n transkripsie van 'n werklike gesprek tussen 'n Amerikaanse vlootskip en die Kanadese gesag aan die kus van Newfoundland, Oktober 1995. Dit is deur die hoof van vlootoperasies bekend gemaak.

#1 - "Draai 15 grade noord om 'n botsing te voorkom."

#2 - "Beveel aan dat jy JOU koers 15 grade suid aanpas om 'n botsing te voorkom."

#1 - "Dit is die kaptein van 'n Amerikaanse vlootskip. Ek sê weer, verander JOU koers."

#2 - "Nee, JY is die een wat van koers moet verander."

#1 - "DIT IS DIE VliegDEKSKIP ENTERPRISE. ONS IS 'N GOOR OORLOGSKIP VAN DIE AMERIKAANSE VLOOT. VERANDER JOU KOERS NOU!"

#2 - "Hierdie boodskap kom van 'n vuurtoring af. Die volgende roep is joune."

2006

### VREEMDE INSTRUKSIES

AS jy nog ooit getwyfel het dat die menslike ras deur onnoselheid verdoem is - hier is die instruksies op 'n klomp gebruiksgoedere:

**Aan die onderkant van 'n bakkie poeding van Woolworths:**

"Moenie onderstebo draai nie."

*(Oeps! Te laat!)*

**Op grondboontjies wat Pick 'n Pay verkoop:**

"Waarskuwing: Bevat neutte."

**Op Boot's se hoedmedisyne vir kinders:**

"Moenie motorbestuur of met masjinerie werk nadat ingeneem is nie."

*(Hou dus die vyfjarige weg van hyskrane, kruiptrekkers en motors.)*



2008

### TWEELINGE

'n Sensusopnemer klop aan die paashuis se voordeur. 'n Vrou maak die deur oop, en hy vra haar hoeveel kinders sy het, en wat hul ouderdomme is.

"La'k sien," antwoord sy.

"Daar is die tweeling Sally en Billy, en hulle is 32.

"En die tweeling Seth en Beth, hulle is 26. En die tweeling Penny en Jenny, hulle is 24 . . ."

"Wag 'n bietjie," val die sensusman haar in die rede. "Het julle **elke keer** 'n tweeling gekry?"

Die vrou antwoord:

"Nee, is jy nou simpel? Daar was honderde kere wat ons **niks** gekry het nie!"

2010

### HUWELIKSREËLING

Die tipiese macho-man het met die tipiese aantrekklike meisie getrou en dié reëls neergelê:

**1.** Ek kom huis toe wanneer ek wil, as ek wil.

**2.** Ek ver wag dat daar dan 'n heerlike aandete gereed sal wees.

**3.** Ek sal saam met my vriende gaan jag, visvang, kaartspeel en suip en jy het niks daaroor te sê nie. Dit is my reëls. Enige kommentaar?"

Sy nuwe bruid antwoord:

"Nee, dis goed so. Jy moet net verstaan, hier sal saans om sewe-uur seks wees - of jy hier is of nie."

# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan resepte #3

Hierdie KAMMANUUS is baie spesiaal! Dis die 300ste uitgawe en my 45ste bydrae! Geniet dit en vier saam fees met hierdie :

### TIPSY TERT

1 k dadels  
1 t koeksoda  
1 ½ k kookwater  
1 eier  
1 k suiker  
2 e botter  
2 k meel  
¼ k neut  
3 k suiker vir die stroop  
¼ k brandewyn  
1 ½ k water  
2 e botter  
1 t vanielje

Meng dadels, kookwater en koeksoda.  
Room die eier, suiker en botter tot donsig. Voeg by die dadelmengsel.  
Meng die droë bestanddele by, en bak tot gaar.  
Kook botter en suiker vir so 10 minute tot 'n gekaramelliseerde stroop.  
Voeg die water, vanielje en brandewyn by.  
Gooi warm oor gaar koek.

Die Volledige BEDANKINGSLYS sal na afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in E-Boek formaat beskikbaar gestel word. Die wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

Groetnis

Retha

---

## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Onsdorp** [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom)

**Jy sal die wagwoord boomstam moet gebruik om toegang te verkry.**

**BRYTENBACH** [careleng@gmail.com](mailto:careleng@gmail.com)

Ek was ook 'n Brytenbach maar is toe aangeneem en nou is my van Engelbrecht. Ek is op soek na my res van my ou familie. My suster se naam was Hannelie Brytenbach en my pa was P.C. Brytenbach ek is Carel.

**COETZEE** [gansie.coetzee@daimler.com](mailto:gansie.coetzee@daimler.com)

Ek soek meer inligting van die Bruyns-familie wat op Postmasburg gebore is / gewoon het. Vader was Andries Christoffel Bruyns, en moeder Martina Jacoba Bruyns, geb. Coetzee. Hulle is ook op Postmasburg begrawe.

**DE BEER** [gdbwbm@webmail.co.za](mailto:gdbwbm@webmail.co.za)

Ek is op soek na my vader en oupa se familie. Hy was of is Abraham paulus de Beer iewers in die Vrystaat. Oupa was moontlik Gideon de Beer of Abraham Paulus de Beer. My pa was getroud met Johanna Catherina Jooste. Ons is net twee seuns: Gideon de Beer en Paul de Beer, ek 1970 en my broer 1973. Dit klink vir my dit was Vrystaat De Beers maar kan ook van elders gewees het.

**FOURIE** [sdias@mtcmobile.com.na](mailto:sdias@mtcmobile.com.na)

My oupa was Johannes Jurgens Fourie en my ouma Magdalena Catharina Thirion wat getroud is op Griekwastad. Indien iemand enige inligting van hierdie been het, sal ek dit baie waardeer.

**PRINSLOO** [hettie.kruger68@gmail.com](mailto:hettie.kruger68@gmail.com)

Ek is vernoem na my ouma Hester Petronella Frederika Appel (geb. Potgieter op 3-of 4/10/1854,KP); haar vader was waarskynlik Lukas Johannes Potgieter(geb. 17/3/1826 - 30/11/1903) en haar moeder was waarskynlik Martha Maria Magdalena Potgieter (geb. Laas, my oumagrootjie). Enige inligting sal baie waardeer word.





# POSKOETS

## Kammanuus se lesers aan die woord

### Retha se afvalresep draai in Kanada

**SUSAN JACOBS, Kanada:**

Ek wil net baie dankie se aan Retha Kruger vir die afvalresep. Ons woon nou amper 12 jaar in Kanada en ek was baie ongelukkig omdat ons Suid Afrikaanse slaghuis nie aan my afval mag verskaf nie.

Die streng gesondheidswette maak voorsiening dat veral die pensvel nie verkoop mag word nie, maar soos ek deur ondervinding geleer het, 'n reël is gemaak om gebreek te word.

Ek het kontak met boere in ons omgewing begin maak, plase besoek en op die gasvryste mense afgekom wat vir my afval gratis gee. Toe ek aan hulle verduidelik dat dit 'n boere lekkerny is, was hul so verheug om van hul skaapkoppe en afval onslae te raak!

So met die aankoop van die skapies, vul ons die vrieskas met die afval! Sal verseker jou reseppie op die proef stel Retha, velen dank!

**(Wonderlik! Nou kan jy gerus weer skryf en meer vertel van daai Suid-Afrikaanse slagter. Kan julle ook skilpadjies – lewerkoekies in netvet toegedraai – by hom kry?)**

### Yade-bydraes word baie goed aangewend

**LOUISE VENTER, Bloemfontein:**


Ek wil die Kammalanders meedeel dat ek van tyd tot tyd 'n draai by Yade maak om kos en boeke af te gee en ek kan met alle eerlikheid sê dat hierdie mense 'n geweldige onbaatsugtige taak verrig en hulle leuse is nie verniet : "*Christen genoeg om God roekeloos te vertrou*" nie.

Sjoe, sterk woorde om aan vas te hou en uit te leef!

Ondanks al die huise wat hulle reeds bedryf, het hulle die groot behoefte gesien dat daar baie oumense is wat mediese versorging nodig het, maar slegs 'n staatspensioen kry, selfs minder of selfs niks. Hulle open nou 'n huis wat ingerig word as "siekeboeg" wat mediese hulp verskaf. ENIGE mediese toerusting en hulpmiddels sal baie waardeer word. Van so min as watte, volwasse doeke, tot hospitaal beddens en rolstoel.

Soms wonder 'n mens of die fondse wat geskenk word, ten beste benut word en daarom wil ek, juis omdat ek nie direk betrokke is by Yade nie en bloot 'n buitestaander is, vir jou d.m.v. hierdie nuusbrieff die versekering gee dat alle bydraes aan Yade opreg waardeer word en 'n reuse verskil maak in mense se lewens. Mense wat NIKS het nie, maar hulle menswaardigheid terugkry by Yade.

Soos die advertensie sê: PRICELESS!



**DARWIN-PRYSE**

**Die Darwin-pryse word jaarliks toegeken aan mense wat hulself op die vreemdste manier uit die genepoel verwyder het.**

#### **2010 SE WENNER!**

*(Arkansas Democrat Gazette)*

Thurston Poole (33) en Billy Wallis (38) was in die nag met 'n lorrie op pad toe die voertuig se hoofligte doodgaan. Hulle het vasgestel dat die sekering geblaas het, en Wallis het ontdek dat die patrone van sy .22 perfek in die sekeringsskassie pas. Hy het een ingesit en die reis voortgesit.

Ná ongeveer 35 km het die patroon skynbaar oorverhit, ontplof en ernstige skade aan Poole se kroonjuwele veroorsaak.

Hoewel die episode nie sy lewe geëis het en dus normaalweg nie vir 'n Darwin-prys kwalifiseer nie, is daar geredeneer dat hy die wenner is omdat hy homsêlf aan die genepoel onttrek het.





# AGTEROS

Net voor uitspantyd

## Knaters, klokke en waghonne

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Weetie ou te spog lattie dokter elf jaarts  
naagare opgemaak en vier naalde stomp  
gesteek het om allie gate toe te kry."

Nou weet ek nie hoekom ek alewig, as ek saam met oompie Doors iewers heen loop staane saamry het, vir my inne storie moes staane vasry het nie. Amper soos daai wet vannie Ingilse wat hulle Mûrfie se Lô loop noem het. Daai een wat sê asse sny brood uit jou hand uitglip, loop staane neukit altyd mettie jêmkant onnertoe oppie vloer neer.

So is ek en oorle Oompie oppe slag terug op pad van Vosburg af. Hettie ou vir hom 'n Lister enjintjie loop staane koop daar by 'n kêrel wiese naam my ommie dootie kan byvalle. Weet ek net lat op daai werf het dit gelyk offie ou met Listers geloop staane teel het.

Ewn'twel, dis lat ons in Williston se hoofstraat loop staane afry wat onsie kêrel oppie sypaadjie innie visier loop kry. Man mette sak vol leë êmpties oorle skouer op pad *Off Sales* toe. Issie man uit sy spore uit ge-oorlaai. Loop en wyfel hy die hele sypaadjie vol.

En dis net wattie man by 'n tuinkekkie verbyloop en ons presies regoorle ou kom, latte moerse hond teen daai hekkie opspring met nogge moerser groot geblaf. Val daai stomme kêrel rûens agteroor oppie sypaadjie. Sak bottels des moers. Uitgesnuit soose kêrs lêrie man daar.

Samaritaanlik soosie ou grootgemaak is, loop stop Oompie byrie man en lawe hom met sy laaste lekseltjie water uitie seil watersakkie wat aanie voorste bamper hang. Soos ons wegry, filosofeer Oompie lat dit eerder die wyn se walm assie hond se woef moes wees wat die kêrel sy ligte laat doodskrik het. En dis lat ons bietjie spoed bymekaar loop maak soos ons dorp uitry, lat ek weer kop aan kop inne Doors vertelling loop staane vasry.

"Ou Swaerie, nou't daai honne spektakeltjie my mos laat dink aanie keer wat Koenie van Rijn, oorle oupa Hennerik se agter kleinneef, loop staane besluit het lattie familiebande gans te slap hang en lat hy nettie man is ommie spulletjie styf te loop stel."

"Jy onthou mos nog vir ou Koenie? Koenie Knaters het ons hom later loop staane verdoop"

"Nou ja, so beklim Koenie die trein op Calvinia en sittie stuk in Hutchinson toe. Na sy ma se halvesuster, ant Hes Poggenpoel toe. Was dîe se man, Willem Wiele, mosse *wheel* têpper. Jy weet mos, daai manne wat so teenie treine se wiele loop staane tik het mette hammertjie om te kyk offie wiele nie pap gery is nie."

Vertel Oompie lat daai eerste aand se bymekaarkom was glo amper soose span bandiete innie magistraat se tuin. Só loop staane hark hulle familie geskiedenis bymekaar en beskiner en beklad al watte neef, niggie, houvrou, moes trou, wewenaar en weduwee wat hulle die naam kan oplê. Tot amper middemag toe praat hulle kan op kan koffie leeg. Lykit later Willem Wiele sitte belaster sommer so in sy slaap.

En toe dit lêtyd loop wôre, issit wat Koenie sy outydse flênnie nagjurk loop oorgooi. Daai slaaprok wat amper lyk soosie agterstevoor jasse wat hulle innie hospitaal virre mens aantrek. Behalwe lattie nagrok nie oop kant voor af agter hettie, borduurie ou voort.

"En dan loop staane drarie man mos g'n stuk nikse kuisheid onnerie rok nie. Net so kaalstêre klimmie ou onnerie rok in."

"Hoekommie stomme dônner nog met so 'n spektakellaken loop staane slaap het, sal net hy weet. Veral narie episode met die nuwe bure se seuntjie wat by hom kom suiker leen het. Toe't die ou die deur oopmaak ennie kêrs bietjie lig om beterder te kan sien, wassit die slag wattie kind glo sê, 'Naand, antie, ma vra of antie nie vir ons bietjie suiker hettie?' en dis toelat Knater hom so verêre lat hy die nagrok se voorkant oplig en sê, 'Kyk self, jou klein stront, ek issie 'n antie nie!'"

Al wattie mannetjie kon uitkry, was glo: "Skies antie, ek dog oom isse antie!"

"En dis toe mos hier by eenuur se kantie oggend, lattie man 'n moerse lawaai buite hoor. Sluipie ou innie gang af om te loop onnersoek instel en loop staane loerie ou gebukkend deurie glas voordeur. Skuifie rok so kruishoogte op aanie agterkant."

"Wissie ou glattie lattie hond, Waaksaam, ook innie huis slaapie. En Waaksaam besluit daarie tyd om self ook te onnersoek. En dis wattie hond byrie voordeur kom, lattie stomme dier die sak toekoms hier voor hom innie skemerte sien hang."

"En daar loop staane makie hond wat honne maar met klokke maak, lekkit!"

"Ou Swaerie, Waaksaam het net kans vir een leksel kroonjuwele gekry, toe loop staane verdwyn daai juwele agter hulle draer aan deurie glasdeur tot oppie voorstoep inne wolk van glassplinters in. En bloed, ou Swaerie meer bloed as watte man in Maitland se slagpale byrie varkslag afdeling kry!"

"So kom hol antie Hess oppie slagveld af. Sitte ween Koenie inne dam bloed, rok nog hoog bokantie kruis. Vlie sy daar in haarspore om en loop staane bellie ambulans op Victoria-Wes, want Wiele het mossie wiele van sy eie nie. Was mos vrypas-ryers daai tyd."

Beginne sy glo mettie bloedstoppers. Dis nou ysterdruppels, gekerfte pruimtwak, balsam vita, as uitie *welcome dovertjie* uit en laag op laag flênnie nêppies wat sy nog vannie laaste kleinkind gebêre het.



So's Knaters mettie ambulans weg en beginne antie Hes die bloed opvee met koerantpapier wat sy met bensien natgemaak het. En loop staane gooi sy die bloed-en-bensien papiere sommer innie toilettemmer in.

"Kom daai Koenie Knaters terug vannie hospitaal af, vrot vannie stietse. Is hy nou behoorlik toegenaai op elke plek waarie ou 'n skeur offe snyse opgetel het. Weetie ou te spog lattie dokter elf jaarts naaigare opgemaak en vier naalde stomp gestee het om allie gate toe te kry."

"Issit toe al amper drie-uur innie voormôre. Maak Hes weere vars koffietjie. Narie tweede beker koffie sleepie natuur se roepstem vir Koenie kleinhuise se kant toe en sy pyp se brandmaak en stêre se grondvat oppie bril is amper gelyktyrig. Laat vallie ou sommerie vuurhoutjie so tussenie bene deur."

"Swaerie, toe't daai vuurhoutjie die bensien papiere raakval, issit die tyd wat hoor met sien loop staane omgaan! Ontploffie spul mette persblou vuurbôl wattie Ou se stêre en allie anner teer plekke wat innie omgewing loop staane rondhang, beskroei en beklink met splinters. Beginne dieselle ou storie van nuuts af aan!"

Dis bloeding stop in allie ou en nuwe gate, gliserien en boraks smeer op allie blase en brande ennie ambulans nogge keer laat staane hol van Victoria-Wes af.

"Weet ou Hes te vertel lattie man so half oppie elmoë ennie knieë oppie draagbaar die huis uitgedra is. Kompleet soos 'n Mohammedaan oppe bidmatjie.

Boude en juwelesak so vol splinters lattie ou van agteraf loop staane lyk soose krimpvark ouerpaar mette kleintjie."

"En dis lattie manne met hom trap-af loop staane sukkel, lattie hoofdraer wil loop staane weet hoelat die ou in hierie toestand verval het. Vertel Hes vir hom."

"Loop staane belag daai strêtsers bêrers hulle so lat hulle skoonie draagbaar laat glip.en dônner ou Knaters oppie derde laaste trappie vannie ding af en loop staane breek sy been!"

"Hangie familiebanne nog net so slap soosie ou dit loop staane kry het", vertel oorle Oompie.

**Breinboelie se antwoord: Ek is 'n almanak.**

**VOLGENDE UITGAWE: 28 MAART 2011**